Hoërskool Sand du Plessis

POSBUS 32015
FICHARDTPARK
9317

PASTEURRYLAAN
BLOEMFONTEIN

☎ 051 522 4071
admin@sannies.co.za

12 Junie 2020

Geagte Sanniesouers, -voogde en -leerders

GR. 12-LEERDERS SE EERSTE WEEK TERUG BY DIE SKOOL
Die gr. 12-leerders het hierdie week teruggekeer skool toe en ek kan aan u terugvoering gee dat ons 'n baie goeie eerste week met ons matrieks gehad het. Die leerders werk baie goed saam deur die dra van maskers, gereelde handsanitering en die handhawing van sosiale afstand.

AANGEPASTE SKOOLKALENDER
Kwartaal 2: 8 Junie tot 7 Augustus
Kwartaal 3: 12 Augustus tot 23 September
Kwartaal 4: 5 Oktober tot 15 Desember

TERUGKEER VAN ANDER GRADE:
Gr 10-11: 6 Julie
Gr 8-9: 3 Augustus

Ons is besig met die beplanning vir die terugkeer van ons leerders en u sal binnekort ingelig word oor die formaat wat ons sal gebruik. Ons word deur die huidige regulasies beperk tot 50% van die skool se kapasiteit. Dit is dus moontlik dat slegs sekere grade op 'n spesifieke dag saam met die gr. 12's by die skool sal wees.

BETALING VAN SKOOLGELDE
Baie dankie aan alle ouers wat getrou hulle kinders se skoolgelde in hierdie moeilike tye betaal. Die skool se begroting is aangepas om seker te maak dat geen nie-noodsaaklike uitgawes aangegaan word nie. Die betaling van Beheerliggaam aangestelde onderwys -en nie-onderwyspersoneel is die eerste prioriteit en dan die betaling van uitgawes soos byvoorbeeld die fotostaatmasjienkontrak, Centlec en Mangaungrekeninge. Ons versoek dat u die skoolgelde elektronies sal betaal. Ouers is hierdie week per SMS ingelig oor uitstaande saldo's.

U kan skoolgelde by die skool kom betaal indien dit nie vir u moontlik is om 'n elektroniese betaling te maak nie.

BANKBESONDERHEDE:
Hoërskool Sand du Plessis
Standardbank
Tjek rekening: 041 911 741
Takkode: 005 534

E-LEER OP DIE WEBWERF
Ons skool se webwerf is geregistreer as 'n "zero-rated" webwerf. Leerders kan dus alle relevante studiemateriaal gratis van die webwerf aflaai. Alle gr. 12-werk vanaf die begin van die tweede kwartaal, is reeds gelaai en die ander grade se leerwerk sal teen 16 Junie gelaai wees. Maak gerus van hierdie nuwe fasiliteit gebruik by www.sannies.co.za

UITDEEL VAN NOTAS BY DIE SKOOL

Ons het ook besluit om harde kopieë van studienotas aan die leerders beskikbaar te stel. Die gr. 10- en 11-leerders het reeds gister hulle eerste stel by die skool kom afhaal, met die nodige veiligheid en gesondheidsmaatreëls in plek.

Alle gr. 8- en 9- leerders moet op Donderdag, 18 Junie notas by die skool kom haal op die volgende tye:

- Gr 8: 9:00 en
- Gr 9: 10:00

Die skool sal u inlig wanneer die volgende stelle studienotas beskikbaar sal wees.

KANSELLASIE VAN DIE REVUEFEES EN DIE 50-JAAR REüNIE

Die skool se Beheerliggaam moes ongelukkig hierdie week die besluit neem om hierdie twee hoogtepunte van ons 50ste bestaansjaarvieringe te kanselleer as gevolg van die onduidelikheid oor wanneer die staat van inperking opgehef sal word.

INSKRYWINGS VIR NUWE LEERDERS 2021

Ons is tans besig met die vervaardiging van 'n virtuele opedag video wat aan die gr. 7-leerders by ons voederlaerskole gewys gaan word in die volgende weke. Die video sal ook op die verskeie sosiale mediaplatforms geplaas word. Ons sal ongelukkig nie vanjaar 'n Opedag kan hou nie as gevolg van die inperkingmaatreëls

Voornemende leerders kan nou reeds aanlyn by www.sannies.co.za inskryf. Aansoekvorms is ook by die skool beskikbaar.

EERSTESPAN BALKIES

Leerders wat vanjaar vir die onderskeie eerste spanne gespeel het, kan hulle eerstespanbalkies teen R30 by die finansieskantoor kom koop. Die leerder moet 'n toestemmingsbrief van die betrokke afrigter toon tydens betaling.

Sterkte aan u almal vir hierdie uitdagende tye waarin ons leef. Vertrou op God, Hy sorg altyd vir sy kinders!

Vriendelike Sanniesgroete.

.....

Willem du Buisson
Skoolhoof